

18 November

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-44 (NAV)**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-44; Heidelbergse Kategismus Sondag 22 (v/a 57)**

### **Die opstanding van die liggaam**

Daar is baie idees oor die "liggaam" van die mens in die ewigheid. Van vroeg af was daar sieninge dat die menslike liggaam die siel gevange hou en dat die siel die onskuldige slagoffer is van 'n bose, sondige liggaam.

Paulus het ook hierteen moes preek en hy verduidelik dat die liggaam deel van die mens se wese is en altyd sal wees. Soos die vlees van diere, visse en voëls eiesoortig is, is ook die mens s'n. Die mens se aardse liggaam en die hemelse liggaam is in wese dieselfde.

Met die opstanding sal nie net die siel na God gaan nie, maar ook die liggaam. Dit wys ons op die vergewende liefde van God. Hy kan en sal ons heeltemal herstel en nuut maak om vir altyd by Hom te wees. Hy wil ons by Hom hê soos ons nou lyk. Dit hou vir ons die troos in dat ons reeds in hierdie lewe ons liggaam kan waardeer en dit nie moet haat en verag nie. Ons liggaam is nie wat lelik is nie. Die sonde begin immers in die gedagtes.

Tog kan aardse, verganklike liggame nie die nuwe Jerusalem binnegaan nie. Ons moet 'n verandering ondergaan – soos ook Jesus s'n moes doen – en verheerlik word, al bly ons soos vers 38 sê: "dieselfde vlees". Ons liggaam is die saad wat geplant is, en in 'n nuwe gestalte opgewek word.

Die mens wat in verganklikheid op aarde geleef het, word in Christus in onverganklikheid opgewek. Die menslike liggaam wat deur hierdie lewe broos en breekbaar gelaat is, word voor God in dieselfde gedaante opgewek waarin Jesus bestaan: 'n nimmer-eindigende bestaan. En wat maak ons dan met hierdie kennis? Gaan lees 1 Korintiërs 15:58.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 2, 3, 4*

*Ds. A Venter (Pretoria-Annlin)*